**Dinsdag 8 Maart**

**Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 – 9:9**
**Fokusgedeelte: Jesaja 9:5**

## Ons troos: Ons buig voor die Seun wat Koning is

Wanneer die krag afgaan, soek ons vinnig lig. Donker is ook simbool vir moeilike omstandighede, sowel as vir sonde (1 Joh. 1:5, 6).

Die stamme Sebulon en Naftali is deur die Assiriërs ingeneem. Dit was nag vir hulle. Jesaja profeteer dat hulle donkerte heeltemal verdryf sou word (Jes. 9:1). Die benoudheid van die duisteris sou met vreugde vervang word, soos dié van oestyd, of soos soldate wat ná die oorwinning oorlogsbuit verdeel (Jes. 9:2). Die groot rede vir hierdie vreugde? *Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee* ... (Jes. 9:5).

Die Seun van Jesaja 9 sal Koning wees. Hy word gebore om oor alles en almal te regeer. Die Seun se Name word genoem: *Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors*.

’n Naam in die Bybel was altyd ’n beskrywing van wie die persoon regtig was. Die verskillende Name van die beloofde Seun beskryf sy aard en sy werk goed. Elke Naam van die Seun bestaan uit twee dele. Die een wys dat die draer van die Naam God is, en die ander dat Hy mens is. Hierdie belofte is duidelik deur Jesus Christus vervul (HK So. 5, 6).

Jesus Christus is ’n regeerder van totaal ander stoffasie as die regeerders wat ons ken. Hy bevestig sy mag nie in oorlog nie, maar juis in vrede! Hy wis die bron van vyandelikheid, die menslike neiging tot die haat en die sonde, uit. Deur sy volkome verlossingswerk stel die beloofde Kind ware en blywende vrede daar tussen God en die mens en ook tussen mense onderling.

Ware vrede, blywende vrede, is net om een rede moontlik: *Vir ons is ’n Kind gebore, aan ons is ’n Seun gegee.*

*Sing: Skrifberyming 3-1:1, 9*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*